# HOOFSTUK Vl.

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

Die behoefte aan koshuise het reeds in 1873 ontstaan toe die „Pretorian Committee", in opdrag van president Burgers, sekere aanbevelings in dié verband gedoen het. Dr. J.Vacy Lyle het tydens die eerste Anneksasie-tydperk hierdie aanbevelings byna woordeliks onderskryf. As hieraan uitvoering gegee sou gewees het, sou daar kosinrigtings ontstaan het in die destydse onderwyssentra, te wete Pretoria en Potchefstroom. Daar is ook in 1880 deur wetgewing bepaal dat goedgekeurde inrigtings, waar daar tenminste ses kosgangers gehuisves is, sekere toelaes sou ontvang. Aan hierdie aanbevelings en wetgewing is egter geen uitvoering gegee nie, want nadat die Volksraad van die Z.A.R. weer die leisels oorgeneem het, het ds. S.J. du Toit, die superintendent, 'n hele nuwe onderwysstelsel in die lewe geroep.

Met die totstandkoming van inrigtings vir middelbare onderwys in Pretoria, die Gimnasium en Staatsmeisieskool, moes daar voorsiening gemaak word vir die losiesgeriewe vir die plattelandse kind. So word die eerste koshuise in Transvaal in 1894 opgerig om in die behoefte van die middelbare-skoolleerlinge te voorsien. Dat hierdie inrigtings van veel belang geag is, getuig die benoeming van die Superintendent van Onderwys as voorsitter van die Curatorium, die liggaam wat alle sake van hierdie suiwer staatsinrigting behartig het. Van private inisiatief was daar tot op hierdie stadium geen sprake nie. Die inwendige administrasie en huishoudelike reëls van die staatstehuise is egter later as grondslag geneem vir die bestuur van koshuise deur plaaslike liggame.

Die eerste beursregulasies is in 1896 uitgevaardig. Afgesien van die wysiginge wat daarna aangebring is, is een beginsel deurgaans gehandhaaf, naamlik dat ondersteuning slegs gegee word aan leerlinge wat verder as drie myl van die skool af woon. Daar is seker min departementele regulasies wat gedurende die afgelope halfeeu soveel wysiginge ondergaan het as dié wat van toepassing is op beurstoekennings. Nogtans veroorsaak dit steeds hoofbrekens wanneer die skoolhoof en skoolraad hulle aanbevelings moet doen en die Departement uiteindelik die beslissing moet gee. Die kern van die moeilikheid is waarskynlik daarin geleë dat baie ouers wil wegskram van hulle eie verantwoordelikheid, met die gevolg dat die gegewens wat in die aansoekvorm verstrek word, nie altyd honderd persent betroubaar is nie.

Na die Anglo-Boere-oorlog kan daar eers gepraat word van 'n koshuisstelsel vir die provinsie, of liewer van drie afsonderlike stelsels wat ontstaan het. Van regeringsweë is daar onderskeid gemaak tussen die koshuise verbonde aan die Engels-georiënteerde hoërskole aan die Rand, Pretoria en Potchefstroom, wat suiwer staatsinrigtings sou wees en die koshuise van die buiteskole, waar die bestuur toevertrou is aan plaaslike komitees, wat sekere subsidies sou ontvang vir die bou of huur van koshuis-geboue. C.N.O.-skole het ontstaan om aan die jeug van ons volk 'n opvoeding te gee ooreenkomstig Christelik-nasionale beginsels. In sommige gevalle was dit nodig om koshuise op te rig waarin die kinders, wat hierdie skole besoek het, behoorlik gehuisves kon word. Hierdie opposisie-skole het seker nie min daartoe bygedra dat aan Afrikaans (Hollands) gelyke regte toegeken is in die Onderwyswet van 1907 nie.

Hoewel die C.N.O.-skole na die inwerktreding van die „Smutswet" opgehou het om te bestaan, is die bestuur van die koshuise nog deur plaaslike liggame of deur een van die Afrikaanse kerke behartig. Met die verloop van jare was 'n bepaalde beleid in hierdie inrigtings daarvoor verantwoordelik dat 'n gees en 'n prestige opgebou is, waarvan die liggame of kerke nie wou afsien nie, sodat ons selfs vandag nog twee soorte koshuise aantref: die provinsiale koshuise, waar die Administrasie alle finansiële verantwoordelikheid aanvaar en die goedgekeurde koshuise wat 'n voortsetting is van die beleid wat deur J.E.Adamson neergelê is en versterk is deur die optrede van die C.N.O.-kampvegters.

Aan die administrasie van sowel staats- as private inrigtings is in die aanvangsjare min aandag gegee. In 1913 is deur regulasie bepaal dat private inrigtings onder sekere voorwaardes subsidies vir die aankoop van meubels en uitrusting kon ontvang. Met kleinere wysiginge is hierdie bepalings vandag nog van toepassing op goedgekeurde koshuise.

Vir die inwendige administrasie en bestuur van staatsinrigtings is daar eers in 1919 volledige regulasies ontwerp. So deeglik en volledig was hierdie uiteensetting dat die beginsels wat daarin vervat is, later die grondslag gevorm het van die veel-omvattende regulasies en departementele reëls vir die provinsiale koshuisstelsel. Die bestuur van plaaslike komitees het egter nog mank gegaan aan baie gebreke, sodat inspekteurs van onderwys voortdurend in hulle jaarverslae aangedring het op meer en beter kontrole. Eers in 1927 het die Departement op hierdie aanbevelings gereageer en is regulasies daargestel waarvolgens bepaal is dat die Direkteur seggenskap sou hê oor die

inwendige administrasie van hierdie soort koshuise. Aangesien daar egter nie noulettend toegesien is dat aan hierdie regulasies uitvoering gegee is nie, is wanpraktyke nog nie heeltemal uitgeskakel nie en het toestande in hierdie inrigtings nog gewissel van baie goed tot uiters treurig.

Reeds in 1925 het die Beurskommissie aanbeveel dat 'n organiserende amptenaar aangestel moet word om die behoorlike besteding van departementel toelaes vir beurse, meubels en uitrusting en huurgeld te kontroleer. Hoewel hierdie bedrae jaarliks duisende ponde beloop het, is so 'n amptenaar nie aangestel nie. Die Onderwyskommissie van 1939 het weereens op die noodsaaklikheid van kontrole gewys, met die gevolg dat 'n koshuisinspekteur in 1940 benoem is. Waar hy met te veel klerikale werksaamhede belas is, het voldoende leiding aan koshuissuperintendente nog agterweë gebly. Hierdie posisie is verbeter nadat twee voltydse koshuisinspekteurs in 1946 aangestel is. Skaars was hulle op hoogte van sake met 'n gedeelte van die groot aantal inrigtings, toe die poste in 1950 afgeskaf is. Die gedagte ontstaan onwillekeurig hoe 'n deurlopende beleid moontlik is as die Departement geen konsekwente standpunt inneem nie. Vanaf 1951 beskik die Departement egter weer oor die dienste van 'n koshuis-adviseur, wat met die menigvuldige pligte wat hy moet behartig, slegs daartoe in staat is om individuele koshuise hoogstens een keer elke twee tot drie jaar te besoek en persoonlike moeilikhede met superintendente te bespreek.

Vanaf die begin van die twintigste eeu is daar met 'n afwisselende mate van erns pogings aangewend om die beleid van sentralisasie in die Transvaalse skoolstelsel deur te voer. Direkteur J.E.Adamson, in

samewerking met die skoolrade, was reeds verantwoordelik vir die sluiting van baie eenmanskole. Omstreeks 1922 is die mening uitgespreek dat daar ver genoeg in die rigting gewerk is, maar vanaf 1930 is daar weereens ernstig oor verdere sentralisasie gedink totdat administrateur S.P.Bekker in 1935 'n aanvang gemaak het met 'n grootskaalse veldtog om die beleid konsekwent in alle plattelandse distrikte deur te voer. As gevolg van die stappe wat gedoen is, het skoolplase en groot sentrale skole, met koshuise daaraan verbonde, in die dunbevolkte streke tot stand gekom. En waar die Administrasie tot op daardie stadium die verantwoordelikheid vir die oprigting van koshuise van hom afgeskuif het, was dit nou noodsaaklik om self die inisiatief te neem.

Reeds in 1931 is daar 'n aanvang gemaak om sommige van die koshuise oor te neem van plaaslike komitees of liggame wat, as gevolg van die finansiële druk wat deur die depressiejare veroorsaak is, dit moeilik gevind het om kop bo water te hou. Die waardevolle dienste wat hierdie liggame, en veral die kerke, in al die jare aan die opvoeding van die jeug gelewer het en nog steeds lewer deur die oprigting en instandhouding van koshuise, kan nie genoeg waardeer word nie. Die peil van onderwys, veral op die platteland, sou seker nie so hoog gewees het as plaaslike gemeenskappe maar sou berus by wat die Administrasie gewillig was om te onderneem nie.

Grootskaalse sentralisasie het 'n algehele verandering van die koshuisstelsel meegebring. Die klem het verskuif van die stad na die platteland. Waar daar voorheen slegs 'n klein aantal staatsinrigtings bestaan het, vind ons dat in 1938 honderd-en-nege van die 204 koshuise deur die Administrasie beheer is en in 1954 honderd-drie-en-sestig van die 211. Die aantal

leerlinge wat in koshuise gehuisves word, toon 'n ooreenstemmende vermeerdering: In 1939 was die inskrywing 8,950 en in 1948 het dit reeds gestyg tot 15,599, bykans 'n verdubbeling in die bestek van tien jaar.

Daar is baie groter eise gestel aan die kapitaalbesteding van die Administrasie aan hierdie afdeling van die onderwysstelsel. Dit het meegebring dat daar veel meer aandag aan die ontwerping van doelmatige geboue en uitrusting, behoorlike dienste, beplanning van uitgawes en 'n praktiese kontrole-stelsel geskenk is. Wetenskaplike benadering van koshuisaangeleenthede is aangevoor deur direkteur S.P.E.Boshoff. In 'n memorandum wat tydens sy dienstermyn opgestel is, word gewys op die vereistes - higiënies en administratief - wat aan 'n doelmatige koshuis-gebou gestel moet word en gebalanseerde diëetskale vir die verskillende soorte koshuise word in die vooruitsig gestel. Hierop is voortgebou toe daar in 1938 volledige instruksies aan superintendente uitgereik is oor die samestelling van diëetskale en die berekening van eenheidskostesyfers. Ook is 'n pamflet in 1939 gepubliseer waarin die wenke van inspekteurs, skoolrade, beherende liggame en die provinsiale argitek ten opsigte van die vereistes van doelmatige koshuis-geboue saamgevat word.

In die regulasies en reëls van toepassing op provinsiale koshuise, aangevul deur administrateurskennisgewings en departementele omsendbriewe, word 'n volledige uiteensetting gegee van die beheer en organisasie van hierdie inrigtings. Die wenke wat daarin vervat word kan ook met vrug gebruik word deur die komitees wat verantwoordelik is vir die administrasie van goedgekeurde koshuise. En aansluitend by die regulasies wat van toepassing is op laasgenoemde

inrigtings, kom die kardinale verskille tussen die twee soorte koshuise wat vandag in Transvaal aangetref word, kortliks op die volgende neer:

1. Provinsiale koshuise word ten volle van aanvangsuitrusting voorsien terwyl aan verantwoordelike komitees of liggame, wanneer hulle finansieel sterk is, 'n toelae van 75 persent vir die bepaalde uitgawe toegestaan word.

2. Plaaslike komitees bly verantwoordelik vir enige moontlike tekorte wat daar mag ontstaan by hulle inrigtings. Daar is verder geen bepalings hoe hierdie komitees saamgestel moet word nie, terwyl die lede in die geval van provinsiale koshuise deur die Direkteur benoem word op aanbeveling van die skoolhoof.

3. Omdat die Administrasie verantwoordelik is vir alle finansies van die provinsiale koshuis, kan hulle hier meer vereistes stel: Die aantal matrones wat in diens geneem moet word by elke inrigting, word bepaal en 'n hulptoelae word vir die doel beskikbaar gestel; aan inwonende personeellede, wat volgens 'n vasgestelde kwota bereken word, word spesiale toegewings gemaak en die voedingsvereistes vir alle kosgangers moet aan bepaalde standaarde voldoen. As die superintendent alle instruksies noukeurig uitvoer en dit blyk dat hy nie in staat is om binne die perke van sy totale inkomste te bly nie, kan die Departement besluit dat die losiesgeld verhoog word, dat die inrigting gesluit moet word of hulle kan self hierdie addisionele koste dra.

Die inrigtings wat vandag nog nie by die provinsiale koshuisstelsel ingeskakel is nie, kan in twee groepe verdeel word. In die eerste plek is daar die groter inrigtings, soos dié verbonde aan die Heidelbergse Volkskool, Potchefstroom Gimnasium en Pretoria

Afrikaanse Hoër Seunskool, waar so 'n prestige opgebou is, dat die komitees nie bereid is om van hul seggenskap afstand te doen nie. Leerlinge van baie dele van die land word dan ook in die koshuise aangetref. Tweedens is daar kleiner inrigtings, waarvan die geboue so ondoelmatig of die inskrywing so laag is, dat die Departement nie bereid is om die koshuise oor te neem alvorens behoorlike geboue opgerig kan word en die moontlikheid van 'n groter toekomstige inskrywing deur die betrokke komitees bewys kan word nie.

Die beheer en administrasie van provinsiale koshuise kan as volg saamgevat word:

Die skoolinspekteur, bygestaan deur die skoolhoof as hy nie self superintendent is nie, doen verslag oor die algemene gees en interne organisasie van die inrigting, terwyl die geneeskundige hoofinspekteur die algemene higiëne in oënskou neem, die diëetkundige wenke verskaf in verband met voeding, die koshuis-adviseur voorligting gee oor die finansies en die provinsiale ouditeur toesien dat van alle inkomstes en uitgawes behoorlik verslag gedoen word. Die superintendent staan in onmiddellike beheer van die koshuis wat aan sy sorg toevertrou word. Hy vra advies van sy komitee en word bygestaan deur inwonende personeellede wat toesig hou oor die verskillende aktiwiteite van die kosgangers; die huishoudelike personeel sorg vir die voorbereiding van die voedsel en die netheid van die koshuis, terwyl 'n sekretaris-penningmeester die boekhouding behartig.

Die volgende wenke[1] kan van nut wees vir die superintendent wanneer hy die verdeling van werksaamhede vir sy inrigting beplan:

1) Die wenke is gebaseer op samesprekings met verskeie koshuissuperintendente, 'n referaat gelewer deur G. Anderson by geleentheid van 'n kursus in administrasie te Heidelberg, Oktober 1954, en eie ervaring.

Om van die superintendent te verwag om benewens sy werk as skoolhoof of klasonderwyser ook die volle administrasie van 'n koshuis sowel as die boekhouding te behartig, is onmoontlik. Alle finansiële sake kan ook weer nie in die hande van die sekretaris gelaat word nie. Daarom sal dit vir die superintendent nodig wees om die werk so te verdeel dat hy tot 'n groot mate onthef sal wees van die roetine-werksaamhede en meer tyd tot sy beskikking sal hê vir organisatoriese aangeleenthede. Dit is sy verantwoordelikheid om te sorg dat die volgende stukke en gegewens ter beskikking van die sekretaris sal wees:

Die kasboek (T.A.S.F. 30) en die ontledingsboek vir die berekening van eenheidskostesyfers, rekening- en kwitansieboek (T.A.S.F. 18 en 24), departementele beurstoekennings (T.O.D. 22), register van losiesgelde (T.A.S.F. 34) waarin, met behulp van die superintendent, die name van alle kosgangers en hulle ouers se name en adresse aangebring word, die tjekboek (T.A.S.F. 22), spoorwegorderboek (Z.128), amptelike bestelboek (T.A.4) en die omsendbriewe waarin aangetoon word met watter leweransiers daar kontrakte gesluit is vir bepaalde benodigdhede. Alle rekeninge en fakture sal ingehandig word by ontvangs, aan die einde van elke maand sal voltooide loonbetaalstate en besonderhede van matrones se salarisse voorgelê word vir uitbetaling en aan die einde van die kwartaal sal die koshuisbesoek-register ingehandig word sodat beurseise (T.O.D. 212) ingedien en die register van losiesgelde afgesluit kan word.

Met hierdie gegewens beskikbaar, kan die sekretaris as volg te werk gaan: Aan die begin van elke kwartaal word aan elke ouer 'n rekening gestuur, waarop die verskuldigde bedrag aangetoon word. (Volgens regulasie is losiesgeld vooruitbetaalbaar). Wanneer gelde inbe-

taal word, reik hy 'n amptelike kwitansie vir die bedrag uit, maak die nodige inskrywing in die kasboek en register van losiesgelde en betaal die geld in op die koshuis se bankrekening. 'n Duplikaat-inlegboek moet vir die doel van die bank verkry word. Die volle bedrag wat ontvang is (volgens die gegewens van die kwitansieboek en die kasboek) moet periodiek inbetaal word en aan die einde van elke kalendermaand word die balans van die kasboek in ooreenstemming gebring met dié van die bank. Teen die middel van die kwartaal sal daar weer rekenings uitgestuur word aan die persone wat nog nie die losiesgeld betaal het nie.

Tjeks vir die salarisse van matrones en lone van bediendes (laasgenoemde word aan die superintendent uitgemaak) word aan die einde van elke maand uitgemaak. Aan die einde van die skoolkwartaal word die vorm vir die uitbetaling van beurse (T.O.D.212) voltooi. Hierdie gegewens word verkry van die beurstoekenningstate (T.O.D.22) en register van koshuisbesoek, waarin aangetoon word watter leerlinge vir 'n onafgebroke tydperk van veertien dae of veelvoude daarvan, afwesig was. Terselfdertyd word T.A.S.F. 33 aan die provinsiale rekenmeester gestuur om aan te toon watter bedrae ten opsigte van losies nog uitstaande is, met 'n aanbeveling of daar geregtelike stappe geneem moet word, al dan nie.

Verder word alle bestellings op T.A.4-vorms deur die sekretaris gedoen. Hy doen dit in opdrag van die superintendent wanneer voorrade van nie-bederfbare aard (gewoonlik in groot hoeveelhede) van regeringskontrakteurs bestel word, of aan die einde van alke maand wanneer die plaaslike aankope van vleis, melk, botter, eiers, groente en vrugte - soos aangeteken in die inkoopdagboek, wat ingeskryf word deur die matrone in

oorleg met die superintendent - ontleed en saamgestel word as maandelikse bestellings. Alle fakture en uitbetaalde tjeks, wat terselfdertyd dien as bewysstukke, word in die regte volgorde van uitbetaling geliasseer en sorgvuldig bewaar vir inspeksie-doeleindes.

Wanneer daar enige voorgestelde wysiginge in verband met die boekhouding van departementsweë per omsendbrief kom, moet die sekretaris onmiddellik hiervan in kennis gestel word, anders kan dit baie ongerief en onnodige herstel van foute meebring. Met 'n ondernemende koshuis-adviseur het daar in die afgelope twee jaar heelwat veranderings ingetree, soos byvoorbeeld die afskaffing van bydraes tot die reserwefonds en die betaling van hulptoelaes vir die salarisse van matrones.

As die sekretaris sy werk konsensieus verrig, sal daar nog meer as genoeg administratiewe pligte wees wat deur die superintendent behartig moet word. In sy liasseringskabinet sal daar lêers te vinde wees vir finansies, geboue, personeel, koshuiskomitee, organisasie en omsendbriewe, ouers, statistieke, inspeksies, terrein, watervoorsiening, sanitêre diens en ligte, uitrusting en meubels, diëet en gesondheid - elk met 'n hele aantal onderafdelings. Dit sal verder vir hom nodig wees om weekliks voorrade aan die matrone uit die sentrale voorraadkamer uit te reik, 'n wakende oog te hou oor die wyse waarop die voedsel voorberei en die bediendes beheer word, maandeliks die loonbetaalstate te voltooi, uitbetalings uit die kleinkasboek te maak, voorrade en uitrusting op vasgestelde tye te kontroleer en toe te sien dat die inwonende personeellede hulle deel van die organisasiewerk behoorlik uitvoer.

Hoewel die sekretaris vir die boekhouding verantwoordelik is, moet die superintendent nogtans die beleid

bepaal. Aan die begin van die jaar sal hy vooruit beplan wat die moontlike inkomste en uitgawes van al die verskillende items kan wees en daarvolgens vasstel waar veranderings aangebring moet word. Deur 'n ontleding en praktiese verwerking van die eenheidskostesyfers bepaal hy in hoeverre die geld op die doeltreffendste wyse bestee kan word.

Om op te som: die superintendent is die bepalende faktor van die sukses van 'n koshuis - opvoedkundig, administratief en finansieel.

Dit is onmoontlik om op hierdie stadium die wenslikheid, al dan nie, van koshuise te bespreek. In Transvaal vorm dit 'n integrale en onmisbare afdeling van baie hoër- sowel as laerskole. Landsomstandighede het dit meegebring dat duisende kinders vir 'n groot deel van hulle skoollewe hier 'n tuiste moet vind. 'n Besonder groot verantwoordelikheid word op die skouers geplaas van diegene wat die plek van die ouer moet probeer volstaan. Koshuise kan weliswaar nooit as plaasvervanger van die huis beskou word nie, maar dat daar in die verlede reeds goeie werk gedoen is, en nog steeds gedoen word, ly geen twyfel nie. Dit is nie wenslik dat 'n kind op te jeugdige leeftyd reeds die ouerhuis moet verlaat nie; in daardie vormingsjare is die ouerliefde onmisbaar. In 'n goed-georganiseerde koshuis kan op hierdie grondslag voortgebou word en sal die kosgangers die bykomstige vorming as sosiale wesens geniet, terwyl hulle sin vir onafhanklikheid en verantwoordelikheid in hierdie groter samelewing versterk word.

-------- o O o --------